Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

AUGUSTUS 2014

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Gansbaai-sakekamer stap weg met louere

Gansbaai-sakekamer is aangewys as AHI Wes-Kaap se Sakekamer van die Jaar. Sover bekend, is dit die eerste keer dat hierdie eer Gansbaai te beurt val.

Voorsitter Fanie Bothma sê dat dié toekenning onverwags en 'n groot verrassing is. "Deur volgehoue harde werk en deursettingsvermoë is baie projekte die afgelope jaar afgehandel. Die positiwiteit wat in ons sakekamer heers, is aansteeklik en ons bou graag daarop voort."

Die AHI se jaarlikse kongres het einde Junie met 'n gala-aand by die Alee Bleue-wynlandgoed in Simondium afgeskop met die Wes-Kaapse minister van landbou, ekonomiese ontwikkeling en toerisme, Alan Winde, as gasspreker.

Minister Winde het gesê die regering moet 'n klimaat skep waarbinne ondernemings kan floreer. "As besighede gemaklik kan sake doen, dan groei die ekonomie en word meer mense in diens geneem", het hy bygevoeg.

Christo van der Rheede, die AHI se hoof uitvoerende beampte, het in sy boodskap na die knelpunte in die ekonomie verwys en sterk daarop klem gelê dat plaaslike ekonomiese ontwikkeling 'n topprioriteit by alle munisipaliteite behoort te wees.

Sakekamer van die Jaar: Die bestuur van die Gansbaai-sakekamer glimlag trots oor hul prestasie: Neels Claassens (links agter), Ben Gerecke, Jorene van der Merwe, DJ Heyns, Glenda Kitley (links voor), Fanie Bothma (voorsitter) en René Beukes (ondervoorsitter).

Onbeperkte Tenkwa-verwyderings lets van die Verlede

Veranderings aan rioleringsheffings maak van waterdigte riooltenks 'n moet

Vanaf 1 Julie 2014 sal enkelresidensiële eiendomme nie meer 'n onbeperkte aantal gratis tenkwa-verwyderings vergun word nie. In die toekoms gaan eienaars van hierdie eiendomme een van twee opsies kan uitoefen:

1. Betaal óf slegs 'n basiese bedrag van R70 plus die infrastruktuurheffing van R10,94 per maand (tariefkode SE9A), met dien verstande dat telkens wanneer 'n tenkwa versoek word, hierdie diens teen R478 (kantoorure, d.w.s. weeksdae voor 15:00) of R956 (na-ure) per verwydering van tot op 5/6 kℓ riool per uitroep gefaktureer sal word; óf
2. Betaal 'n maandelikse bedrag van R103,90 plus R11,70 per kℓ water gebruik per maand, gegrond op 'n maksimum van 35 kℓ per maand (70% van 50 kℓ), plus die infrastruktuurheffing van R10,94 per maand (tariefkode SE7A1), wat jou daarop geregtig sal maak om twee tenkwa-verwyderings gedurende kantoorure per maand teen geen ekstra koste te versoek. Soos per opsie 1 hierbo, sal addisionele diensversoeke teen óf R478 (kantoorure, d.w.s. weeksdae voor 15:00) **óf** R956 (na-ure) gefaktureer word.

Waar die tarief vir opsie 2 in die verlede voorsiening gemaak het vir 'n onbeperkte aantal tenkwaversoeke per maand per huishouding is hierdie opsie nie meer haalbaar nie. Die Raad het 'n aanmerklike (16%) toename in die aantal diensversoeke ervaar en dit ondanks die feit dat waterverbruik in Overstrand afgeneem het.

Dit kan grootliks toegeskryf word aan vloed- en grondwater wat riooltenke binnestroom, wat meer diensversoeke tot gevolg het. Male sonder tal is daar bevind dat die volume riool wat per maand verwyder is, die 70% van werklike waterverbruik per maand oorskry het, wat beteken lekkende tenks is die sondebok.

Lekkende tenks gee daartoe aanleiding dat verhoogde volumes 'verwaterde' riool verwyder en behandel moet word, wat eweneens ons tenkwadiens en rioolbehandelingsaanlegte onder druk plaas. Hierdie situasie behoort ten alle koste vermy te word, en 'n beroep word op huiseienaars gedoen om te verseker dat hulle riooltenks waterdig is aangesien dit beslis ook in hulle beste belang sal wees.



Indien u meer inligting of advies in hierdie verband verlang, kontak ons gerus by **enquiries@overstrand.gov.za.**

Geregistreerde bed-en-ontbyt of gastehuis? Moenie vergeet om jou korting te eis nie!

Geregistreerde ed-en-ontbytondernemings en gastehuise met tot soveel as vyf verhuurbare kamers of minder kan aansoek doen om die volgende kortings op eiendomsbelasting gegrond op die verskil tussen sake- en residensiële heffings:

- 1 x verhuurbare kamer: 100%
- 2 x verhuurbare kamers: 80%
- 3 x verhuurbare kamers: 60%
- 4 x verhuurbare kamers: 40%
- 5 x verhuurbare kamers: 20%

Kontak jou naaste Overstrand-administrasiekantoor of skakel die inkomste klientediens departement by **028 313 8000** om nadere besonderhede.

BRANDWEER SE DIENSTE VOORTAAN TEEN 'n PRYS

Vanaf 1 Julie 2014 gaan eienaars moet betaal as die Brandweer uitgeroep word:

- Strukturele brande per uur of 'n gedeelte daarvan: R1 500
- Veld- en ander brande per uur of 'n gedeelte daarvan: R500

Voorts sal 'n tarief van R300 gehef word vir die uitreiking van sertifikate vir vlambare stowwe sowel as inspeksies (derde en daarna) wat ten opsigte van brandveiligheidsnakoming uitgevoer word. Skakel **028 313 8111** om nadere besonderhede.

ONS VRA OM VERSKONING VIR VERTAALFOUTE IN JULIE-UITGAWE!

MUNISIPALE REKENINGE:

HOE 2014/15 SE MAANDELIKSE REKENINGE DAAR GAAN UITSIEN

MANDJIE VAN TARIEWE - ENKEL RESIDENSIEEL - 2014/2015

HOË VERBRUIK Totale mun. waardasie: R3,5 m	Jaar 2013/2014	Jaar 2014/2015	Bedrag	% verhoging
Eiendomsbelasting	828,00	952,20	124,20	15,00
Riolering* Tarief kode: **SE7A1+SE8A**	423,72	450,24	26,52	6,26
Basiese infrastruktuurheffing: water,elektrisiteit en riolering	41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis **Een keer per week**	122,81	130,18	7,37	6,00
Elektrisiteit: Koopkrag 1500kWh	2 015,61	2 176,66	161,05	7,99
Water 50 kℓ	805,65	854,08	48,43	6,01
BTW	477,33	511,40	34,07	7,14
TOTAAL	4 714,82	5 116,45	401,63	**8,52**
HPB indien van toepassing	*82,80*	*95,22*	*12,42*	*15,00*

MANDJIE VAN TARIEWE - ENKEL RESIDENSIEEL - 2014/2015

SUBEKONOMIESE VERBRUIK Totale mun. waardasie: R100,000	Jaar 2013/2014	Jaar 2014/2015	Bedrag	% verhoging
Eiendomsbelasting	12,00	13,80	1,80	15,00
Riolering* Tarief kode: **SE7A1**	27,02	28,73	1,71	6,32
Basiese infrastruktuurheffing: water,elektrisiteit en riolering	41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis **Een keer per week**	0,00	0,00	0,00	0,00
Elektrisiteit: Koopkrag 350kWh	479,74	514,80	35,06	7,31
Water 10 kℓ	32,44	34,40	1,96	6,04
BTW	81,33	86,75	5,42	6,67
TOTAAL	674,22	720,18	45,96	**6,82**

MANDJIE VAN TARIEWE - ENKEL RESIDENSIEEL - 2014/2015

MEDIUM VERBRUIK Totale mun. waardasie: R2,5 m	Jaar 2013/2014	Jaar 2014/2015	Bedrag	% verhoging
Eiendomsbelasting	588,00	676,20	88,20	15,00
Riolering* Tarief kode: **SE7A1+SE8A**	254,85	270,69	15,85	6,22
Basiese infrastruktuurheffing: water,elektrisiteit en riolering	41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis **Een keer per week**	122,81	130,18	7,37	6,00
Elektrisiteit: Koopkrag 800kWh	1 041,21	1 122,32	81,11	7,79
Water 25 kℓ	304,35	322,63	18,28	6,01
BTW	247,09	264,25	17,16	6,95
TOTAAL	2 600,00	2 827,97	227,96	**8,77**
HPB indien van toepassing	*58,80*	*67,62*	*8,82*	*15,00*

MANDJIE VAN TARIEWE - SAKE-ONDERNEMING - 2014/2015

WAARDASIE: MEDIUM (Drie Fase) Totale mun. waardasie: R3,2 m	Jaar 2013/2014	Jaar 2014/2015	Bedrag	% verhoging
Eiendomsbelasting	1 453,33	1 672,00	88,20	15,00
Riolering* Tarief kode: **SE7D1+SE8A 1**	433,37	460,50	15,85	6,22
Basiese infrastruktuurheffing: water,elektrisiteit en riolering	41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis **Een keer per week 3**	368,43	390,54	7,37	6,00
Elektrisiteit: Kredietmeter 7000kWh	9 003,67	9 733,12	81,11	7,79
Water 40 kℓ	602,99	639,28	18,28	6,01
BTW	1 463,02	1 577,12	17,16	6,95
TOTAAL	13 366,52	14 514,25	227,96	**8,77**
HPB indien van toepassing	*145,33*	*167,20*	*8,82*	*15,00*

MANDJIE VAN TARIEWE - ENKEL RESIDENSIEEL - 2014/2015

LAE VERBRUIK Totale mun. waardasie: R1 m	Jaar 2013/2014	Jaar 2014/2015	Bedrag	% verhoging
Eiendomsbelasting	228,00	262,20	34,20	15,00
Riolering* Tarief kode: **SE7A1+SE8A**	187,30	198,87	11,58	6,18
Basiese infrastruktuurheffing: water,elektrisiteit en riolering	41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis **Een keer per week**	35,09	130,18	95,09	270,98
Elektrisiteit: Koopkrag 350kWh	479,74	514,80	35,06	7,31
Water 15 kℓ	187,90	199,18	11,28	6,00
BTW	130,44	151,86	21,42	16,42
TOTAAL	1 290,16	1 498,79	208,63	**16,17**
HPB indien van toepassing	*22,80*	*26,22*	*3,42*	*15,00*

MANDJIE VAN TARIEWE - ONBEBOUDE ERWE - 2014/2015

GEMIDDELDE WAARDASIE Totale mun. waardasie: R250,000	Jaar 2013/2014	Jaar 2014/2015	Bedrag	% verhoging
Eiendomsbelasting	117,92	117,92	0,00	0,00
Riolering* Beskikbaarheid	130,70	109,65	-21,05	-16,11
Vullis Beskikbaarheid	61,40	65,08	3,68	5,99
Elektrisiteit Beskikbaarheid	192,98	204,56	11,58	6,00
Water Beskikbaarheid	96,49	102,28	5,79	6,00
Basiese infrastruktuurheffing: water,elektrisiteit en riolering	41,70	41,70	0,00	0,00
BTW	73,26	73,26	0,00	0,00
TOTAAL	714,44	714,44	0,00	**0,00**
HPB indien van toepassing	*11,79*	*11,79*	*0,00*	*0,00*

HPB - Hermanus Publieke Beskerming

****Riolering: Sien artikel elders in hierdie uitgawe vir nuwe tariefstruktuur***

ONS HET ONS DEEL GEDOEN OM DIE IMPAK SO LAAG MOONTLIK TE HOU - DIS NOU JOU BEURT

Overstrand het sy bes gedoen om die impak van tarief- en belastingverhogings so laag moontlik te hou. Nietemin, hier is 'n paar verdere wenke wat dalk kan help om te sorg dat jou munisipale rekening so hanteerbaar moontlik is:

Eiendomsbelasting:

- Doen asseblief moeite om die waardasielys na te gaan.
- Maak seker dat jy voor 30 September 2014 enige besware aanteken en/of om vir enige toepaslike kortings aansoek te doen.

Riool:

- Neem asseblief kennis dat enige tenkwadienste wat ná 15:00 versoek word, aan 'n na-ure-heffing onderworpe sal wees.
- Sou jy versoek dat jou riooltenk uitgepomp moet word maar dit blyk dat die uitsuigpunt gebreek en/of ontoeganklik is, gaan jy steeds vir die uitroepkoste verantwoordelik bly.

Elektrisiteit:

- Neem asseblief kennis dat elektrisiteitsdeposito's vir beide krediet- en vooraf betaade-elektrisiteitmeters met ingang 1 Julie 2014 aangepas word. Die aanpassing is onderskeidelik 7.39% vir kredietmeters en R24 vir voorafbetaalde elektrisiteitsmeters.

Water:

- Indien jy vermoed dat daar 'n waterlekkasie op jou eiendom is, bly dit die eienaar se verantwoordelikheid om te bepaal of die lekkasie aan die munisipaliteit se kant is of aan die eienaar se kant. Enige lekkasie aan die eienaar se kant van die watermeter is u verantwoordelikheid.
- Aangesien jy verantwoordelik is vir lekkasies aan jou kant van die watermeter, maak asseblief seker dat jy die nodige dekking het teen enige moontlike waterskade.
- As 'n bykomende voorsorgmaatreël, dra asseblief sorg dat jy die hoofwatertoevoer toedraai wanneer jy die perseel verlaat om sodoende onnodige waterverlies en -skade te verhoed.
- Jy kan ook aansoek doen vir die omskakeling na 'n vloeibeperkte watermeter. Hierdeur kan jou waterverbruik per dag beperk tot 'n maksimum soos deur jou bepaal. Sou jy dus enige waterlek ondervind, sal die meter afsluit en jy sal die geleentheid hê om dit te kan ondersoek.

Water- en elektrisiteitsmeters:

- Dra asseblief sorg dat jou water- en elektrisiteitsmeters toegangklik is. Indien die meters nie geredelik gelees kan word nie, sal regstellings addisionele administratiewe gelde tot gevolg hê.
- Moet asseblief nie met enige meters peuter nie. Dit kan jy baie duur te staan kom en sal daartoe aanleiding gee dat alle dienste onmiddellik opgeskort word.
- Dit staan jou vry om, teen geringe administratiewe koste, 'n tweede meterlesing of 'n verifiëring van 'n lesing aan te vra.

Hou jou rekeningdata op datum:

- Indien jy spoedige reaksie op 'n diensversoek wil hê, maak asseblief seker dat ons jou korrekte besonderhede op rekord het.
- Betaal asseblief jou rekening voor of op die 20ste van elke maand om te verhoed dat die rekening met rente en heffings belas word, of erger nog, jou dienste opgeskort word.
- Wanneer jy 'n agterstallige rekening betaal, maak asseblief seker dat jy die korrekte inligting deurgee wanneer dit betaal word.
- Indien jy enige rekening per internet wil betaal, dra asseblief ekstra sorg dat die regt verwysingsnommer op jou betaling verskyn. Dit neem dikwels ure om elektroniese inbetalings met foutiewe verwysings met die werklike rekening te vereenselwig. Indien dit nodig is om inligting van die inbetaler by die bank aan te vra, is dit ekstra koste, wat weer van die verbruiker verhaal moet word.
- Allerbelangrik, hou asseblief in gedagte dat nalating om aan enige van die voorafgaande punte te voldoen rente, invorderingskoste en opgeskorte dienste tot gevolg kan hê.

Rig gerus enige navrae oor munisipale heffings aan enquiries@overstrand.gov.za, of klop aan by jou naaste munisipale administratiewekantoor om jou rekeningbesonderhede te verifieer.